20. Jesus in Jerusalem

Lukas 10 - 11: 13 en Johannes 10: 22 - 42

Jesus maak sy Vader se wil aan ons bekend

God stuur sy Seun Jesus Christus na die wêreld om aan die mens sy wil te kom bekend maak. Hy is in alles aan sy Vader gehoorsaam en onderrig daarom net dit wat sy Vader van Hom eis. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- Ons moet God liefhê met al ons krag en ons naaste liefhê soos onsself.
- Die Here versorg ons soos 'n herder.
- Die Here Jesus leer ons hoe om tot ons Vader te bid.

Die groot gebod.

Na afloop van die Loofhuttefees bly die Here Jesus nog 'n tyd lank in Jerusalem. Sy uitspraak dat die Fariseërs siende blind is en daarom in sonde leef, word nie gou vergeet nie. Dit beteken immers dat hulle wat volgens hulself so voorbeeldig die wet onderhou, nie die ewige lewe sal beërwe nie. Vir hulle is dit eenvoudig ondenkbaar. Daarom soek hulle 'n geleentheid om Jesus verder hieroor te ondervra.

Nie lank nie of 'n sekere wetgeleerde kry die kans. Toe Jesus besig is om die volk te leer, staan die wetgeleerde op en vra Hom wat hy moet doen om die ewige lewe te beërwe. Hy dink hy ken die weg na die ewige lewe goed, maar hy wil Jesus toets en stel die vraag om te sien wat die Here daarvan sal sê. Die wetgeleerdes, en veral die Fariseërs, dink dat die mens alles self moet doen om die ewige lewe te beërwe. Volgens hulle moet mens die ewige lewe verdien deur alles te doen wat die wet sê en volgens hulle doen die wetgeleerdes en die Fariseërs dit wel. Hulle kan nie verstaan dat God uit vrye genade[166] die ewige lewe aan sy kinders skenk nie.

Jesus ken die hart van 'n mens en Hy weet dat hierdie man klaar sy eie

166 Ef. 2: 8 Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God

antwoord op die vraag het. Hy wil net uitvind of Jesus dieselfde antwoord sal gee as wat hy reeds in gedagte het. Daarom vra die Here hom wat in die wet staan. As antwoord haal die skrifgeleerde twee skrifgedeeltes aan. Die eerste kom uit die daaglikse gebed van die Jode en daarom weet almal goed dat jy die Here moet liefhê bo alles en almal.[167] Die tweede kom in 'n ander deel van die wet voor, maar die skrifgeleerdes ken dit net so goed naamlik dat jy jou naaste moet liefhê soos jouself.[168] Jesus stem saam met hom en sê aan hom om dit te gaan doen.

Geen persoon kan die wet ten volle onderhou nie

Die Here sê as iemand die ewige lewe wil verdien deur aan die wet gehoorsaam te wees, hy aan al die gebooie van die wet gehoorsaam moet wees, want as jy een gebod oortree, is jy skuldig aan al die gebooie en dus sondig. Die mens wat hom verbeel dat hy aan die hele wet gehoorsaam kan wees, is nie eerlik met homself nie. Die wetgeleerdes sal gou ontdek dat dit onmoontlik is om alle wette te onderhou en sal besef dat ook hulle afhanklik is van God se genade. Dit beteken dat alle mense die enigste ware weg tot die ewige lewe sal moet soek: die geloof in Jesus Christus.

Maar die man is nog nie tevrede nie. Hy soek nou 'n uitkomkans en wil by Jesus weet wie sy naaste is. Oor dié vraag praat die wetgeleerdes baie. Die meeste van hulle dink dat 'n heiden of 'n Samaritaan nooit 'n mens se naaste kan wees nie, daarom haat die Jode hulle. Hierop antwoord die Here met die gelykenis van die barmhartige Samaritaan.

Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan.

'n Joodse man gaan op reis van Jerusalem na Jerigo. Die pad kronkel berg-af tot onder in die Jordaanvallei en dan verder na Jerigo. Op die berg skuil daar baie keer rowers wat die reisigers aanval en soms selfs vermoor. Daarom reis die mense liewer in groepe daarlangs. Hierdie Joodse man het egter alleen gereis en is toe deur die rowers aangerand en geslaan. Hulle het weggegaan en hom halfdood laat lê. 'n Priester kom met daardie pad langs en toe hy hom sien, gaan hy anderkant verby. Dan kom daar 'n Leviet verby, 'n man wat afgesonder is om dienswerk in die tempel te doen. Hy het sy dienstermyn pas voltooi en gaan nou terug na sy huis. Maar hy

167 Deut. 6: 5 "Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag."

168 Lev. 19: 18 "Jy mag nie wraakgierig of haatdraend teenoor die kinders van jou volk wees nie, maar jy moet jou naaste liefhê soos jouself."

is uitgesoek vir dienswerk in die tempel, daarom kan hy nie homself onrein maak deur aan die man te raak nie en is ook onder geen verpligting om buite die tempel diens te lewer nie. En sonder enige meegevoel gaan hy ook by hierdie man verby.

'n Sekere Samaritaan wat op reis is, kom op hom af. Toe hy hom sien kry hy hom opreg jammer en gaan na hom toe, verbind sy wonde en gooi olie en wyn daarop. Hy help hom op sy eie pakdier en neem hom na 'n herberg en sorg vir hom. Toe hy die volgende môre weggaan, haal hy twee geldstukke uit en gee dit aan die eienaar van die herberg. Hy vra die herbergier om vir die man te sorg en verseker hom dat hy enige onkoste wat hy nog meer mag hê, aan hom sal betaal as hy terugkom.

Jesus vra vir die wetgeleerde wie van hierdie drie die naaste was van die man wat onder die rowers verval het. Hierop antwoord die wetgeleerde dat dit die een is wat barmhartigheid aan hom bewys het. Toe sê Jesus vir hom dat hy ook so moet gaan optree.

Met opset wys Jesus die Samaritaan aan as die man wat reg en goed handel. Hy wil dit duidelik maak dat die naaste nie net onder volksgenote gesoek moet word nie en dat liefdediens nie tot die eie mense beperk moet wees nie. Die gebod van God strek oor alle grense heen.

Martha en Maria

Terwyl die Here in die omgewing van Jerusalem werk, kom Hy eendag in Betanië, 'n klein dorpie net buite Jerusalem. Lasarus en sy twee susters, Martha en Maria, woon hier. Hulle al drie glo in die Here en het Hom lief. Die Here gaan na hulle huis waar hulle Hom met blydskap ontvang. Martha verwelkom Hom by die deur en laat Hom tuis voel. Haar suster, Maria, is net so bly om Jesus te sien. Nadat die gaste hulle tuisgemaak het, begin Jesus oor dieper dinge praat. Maria gaan by sy voete sit om te luister. Martha kan egter nie tyd vind om stil te sit en te luister nie. Sy het heelwat te doen om 'n ete vir die gaste voor te berei.

Die twee susters verskil baie in karakter. Martha is die besige huisvrou wat bekommerd is oor haar gaste. Aan hulle wil sy die beste voorsit en bly daarom besig met die voorbereiding van 'n feestelike ete. Vir Maria is dit belangriker om na Jesus te luister en van Hom te leer.

So kom daar spanning tussen die twee susters. Dit hinder Martha dat haar suster so rustig aan die voete van die Here sit, terwyl sy alleen al die werk moet verrig. Oplaas kom sy na die Here toe en vra vir Hom of Hy dan nie omgee dat Maria haar alleen laat bedien nie en vra vir Jesus om vir Maria opdrag te gee om haar te help. Sy wil hê dat die Here moet sien hoe baie sy vir Hom doen en dat Maria niks doen nie. Maar die Here prys haar nie; Hy sê aan haar dat sy besorg en onrustig is oor baie dinge. Maar Maria verkies die goeie deel: om van Jesus te leer. Jesus wil hê dat Martha moet sien dat soveel moeite onnodig is. Die Here het nie gekom om lekker te eet nie, maar om iets te gee: Hy gee sy evangelie aan hulle. Maria luister en leer van die dinge van die ewige lewe, terwyl Martha haar onnodig besig hou met minder belangrike dinge.

Die herder en die skape

Aan die begin preek Jesus oor die koninkryk van die hemele. Maar nou gaan dit hoofsaaklik oor Homself as die Messias wat gekom het; die Een in wie die koninkryk van die hemele naby die mense gekom het. Die Here gebruik die gelykenis van die goeie herder en sy skape om die verhouding wat daar tussen Hom en sy volgelinge bestaan, te verduidelik.

In Kanaän was 'n herder en sy skape goed bekend. Elke herder het sy trop skape gehad, waarmee hy bedags in die veld rondgetrek het. Teen die aand lei hy sy skape na 'n kraal in die veld. Hy staan by die deur en laat hulle een vir een onder sy staf deurgaan om hulle te tel en te kyk of hulle nie seerplekke het nie. So kom verskillende troppe skape vir die nag in dieselfde kraal of stal in. Die volgende môre laat die deurwagter die herders toe om in te gaan en hulle eie skape uit te lei. Die herder gee selfs aan elke skaap 'n naam. Wanneer 'n skaap hoor dat sy herder sy naam roep, dan luister hy en volg die herder. Hulle sal nooit 'n vreemde herder volg nie. Die Here verduidelik die gelykenis van die herder en die skape wat Hy in Jerusalem aan die Jode vertel.

Hy verseker hulle dat die een wat nie by die deur van die stal ingaan nie, maar van 'n ander kant af inklim, 'n dief en 'n rower is van wie die skape sal wegvlug, omdat hulle sy stem nie ken nie. Die ware skape van die Here Jesus, die goeie Herder, ken sy stem uit sy Woord en volg Hom.

Jesus is die goeie Herder

Maar die Jode verstaan nie hierdie gelykenis nie. Daarom het die Here dit vir hulle verder verduidelik. Nou verklaar Hy uitdruklik dat Hy die deur van die skape is; as iemand deur Hom ingaan, sal hy gered word. Alleen deur Jesus kom ons in die koninkryk van die hemele omdat hy vir ons gely en aan die kruis gesterf het en so vir ons sondes betaal het. Daarom is Hy die deur van die skaapstal waardeur ons, sy skape, moet ingaan.

Verder sê die Here reguit vir hulle dat Hy die goeie herder is.[169] Almal wat voor Hom gekom het, is diewe en rowers en die skape het nie na hulle geluister nie. Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape. Jesus het gekom sodat hulle lewe en oorvloed kan hê. Die huurling en hy wat nie 'n herder is nie, vlug weg as hy die wolf sien aankom en laat die skape staan sodat die wolf hulle vang en uitmekaar jaag. Jesus verklaar dat Hy die goeie herder is en Hy ken sy eie skape en hulle ken Hom.

Dan vertel Jesus van sy dood wat voorlê. Hy lê werklik sy lewe af vir die skape. Hy word nie verplig om dit te doen nie, maar Hy doen dit vrywillig omdat sy Vader dit wil hê. En juis omdat Hy dit vrywillig doen, sal Hy beslis uit die dood opstaan. In alles bly Hy aan die Vader gehoorsaam.

Jesus sien profeties die groei van die kerk oor die grense van Israel heen. Daarom sê Hy vir hulle dat Hy nog ander skape het en dat hulle ook ingebring moet word, sodat dit een kudde en een herder kan wees. Onder al die volke van die wêreld, oor die grense van volke en tale heen, het Hy sy skape. Die Here sê duidelik vir ons dat Hy sy lewe nie alleen vir die Jode aflê nie, maar ook vir die heidene: hulle is die ander skape wat nie van hierdie stal is nie.

Nadat Jesus hierdie dinge gesê het, is daar weer verdeeldheid onder die Jode oor Hom. Sommige beweer openlik dat Hy van die duiwel besete en kranksinnig is en dat hulle nie meer na Hom gaan luister nie. Ander redeneer dat sy woorde nie dié van 'n besetene is nie en ook dat 'n duiwel nie die oë van 'n blinde kan open nie. Die verdeeldheid en verskil van mening wat telkens voorkom, veroorsaak steeds groter haat onder die Fariseërs teen Jesus.

---

169 1 Pet. 5: 4 En wanneer die Opperherder verskyn, sal julle die onverwelklike kroon van heerlikheid ontvang.

Op die fees van die tempelwyding

Op die fees van die tempelwyding vier die Jode fees om te herdenk hoe Judas Makkabeus die tempel gereinig het, nadat hy die Siriërs uit die land verdryf het. Op hierdie fees in Jerusalem drom die mense om Jesus saam in die pilaargang van Salomo. Die Jode wil hê hy moet reguit vir hulle sê dat Hy die Christus is. Jesus antwoord hulle dat hy dit reeds vir hulle gesê het in sy gelykenis van die goeie herder maar hulle glo nie. Ook die werke wat Hy doen in die Naam van sy Vader, bewys dat Hy die Christus is. Maar hulle glo nie, want hulle is nie van sy skape nie. Sy skape luister na sy stem, Hy ken hulle en hulle volg Hom. Jesus gee aan hulle die ewige lewe en hulle sal nooit verlore gaan nie en niemand sal hulle uit sy hand ruk nie, want Hy en die Vader is een.

Die Jode verstaan nou dat Hy bedoel dat Hy die Seun van God is, maar dat hulle Hom nie erken nie, omdat hulle nie van sy skape is nie. Hulle is woedend en begin klippe optel om Hom te stenig. Toe vra die Here vir hulle oor watter een van die goeie werke wat hy onder hulle gedoen het hulle Hom wil stenig. Die Jode sê vir Hom dat hulle Hom oor sy godslastering wil stenig en omdat hy wat 'n mens is, Homself God maak. Die Jode is reg om te sê dat 'n mens wat homself God noem, 'n godslasteraar is, maar Jesus is nie net 'n gewone mens nie, Hy is gelyktydig ook waaragtig God, daarom kan Hy homself God noem.

Jesus vertrek na die oorkant van die Jordaan

Jesus neem afskeid van Jerusalem en hy gaan af na Jerigo en van daar oor die Jordaan na die oostekant en kom in Perea aan. Dit is 'n deel van die gebied waar Herodes Antipas regeer. Jesus gaan na Betabara waar Johannes die Doper gewerk het en waar Jesus met sy werk begin het nadat Hy deur Johannes gedoop is. Noudat die einde van sy werk nader kom, gaan Hy weer terug na die plek waar Hy begin het. Hy bly waarskynlik die hele Januarie daar.

Baie mense gaan luister na Jesus om gesterk te word in hul geloof. Hulle het Johannes ook geken en hulle kom nou agter dat die Doper tog die waarheid gepraat het, al het hy nie wonders gedoen om te bewys dat hy 'n profeet was nie. Die werke wat Jesus doen en sy prediking bewys dat die woorde van Johannes die waarheid was. Baie begin om in Jesus te glo sodat hulle 'n groot kring van volgelinge vorm.

Onderrig oor die gebed

Nadat die Here alleen gaan bid het, vra sy dissipels Hom om hulle te leer bid, soos Johannes ook sy dissipels geleer het. Dit is betekenisvol dat die dissipels Hom op hierdie stadium vra om hulle te leer bid. Hoe langer hulle by die Here bly, hoe beter begryp hulle hoe min hulle nog weet. So is dit altyd: hoe nader 'n mens aan die Here lewe, hoe meer verstaan jy jou eie kleinheid en onvermoë. Dan vra jy altyd met groter verlange dat die Here jou moet leer. Aan die ander kant verwyt die Here jou glad nie dat jy nog so min weet nie. Die Here voldoen aan hulle versoek en leer hulle die "Onse Vader", nie met die bedoeling dat hulle altyd net die Onse Vader moet bid nie, maar dat dit vir hulle kan dien as 'n voorbeeld.

Die Here vertel aan hulle 'n gelykenis om duidelik te maak hoe graag ons hemelse Vader ons gebede wil verhoor. Daarom sê Jesus vir hulle dat as iemand in die nag onverwags kuiermense kry, gaan klop hy by sy vriend aan om vir hom brood te vra om aan sy kuiergaste voor te sit. Al is die man en sy hele gesin al in die bed, sal hy nogtans opstaan en vir hom soveel brood gee as wat hy nodig het, omdat sy vriend die vrymoedigheid gehad het om hom te vra. Na aanleiding van hierdie gelykenis beklemtoon Jesus wat Hy in die bergrede reeds gesê het.[170] Aan die wat bid, sal daar gegee word; die wat soek sal vind en vir die wat klop sal oopgemaak word. Met groot openhartigheid kan ons tot die Here bid en ons nood voor Hom uitspreek.

Met nog 'n vergelyking uit die daaglikse lewe beklemtoon Jesus dat daar groot vrymoedigheid in ons gebede moet wees. Daar is nie 'n vader wat aan sy seun 'n klip sal gee as hy brood vra, of 'n slang in plaas van 'n vis, of 'n skerpioen as hy 'n eier vra. Ons mense wat as gevolg van die sonde sleg is, weet om aan ons kinders goeie gawes te gee. Nog meer sal God aan sy kinders wat Hom vra, goeie dinge skenk. Hy sal veral die Heilige Gees, die beste van alle goeie gawes, aan hulle skenk wat sonder ophou tot Hom bid.

---

170 Matt. 7: 7 - 11 Bid, en vir julle sal gegee word; soek en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word. Of watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood vra, aan hom 'n klip sal gee; en as hy 'n vis vra, aan hom 'n slang sal gee? As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!

Aanbevole leesstukke:

BOOYENS, M.J. 2005. Laat my lammers wei. Pretoria: EFJS Drukkers 172 - 177 p.

DE GRAAF,S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Nieuwe Testament deel II. Kampen: J.H.Kok 249 - 261 en 352 - 356 p.

GROENEWALD, E.P. 1968. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Nuwe Testament. Pretoria: DBU. 265 - 268 en 284 - 288 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 601 - 603 p.